




Die Maand Wat Was


Maart 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Februarie 2013

Langtermyn pj van 1900 tot einde 2011



Bron: Credit Suisse





Bron: ABSA

Die primêre bepalers van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelepe 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendens (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Februarie 2013 - Die Maand Wat Was

Warren Buffett skryf elke jaar 'n brief aan die aandeelhouers in Berkshire Hathaway, die maatskappy waarbinne hy sy eie en sy aandeelhouers se beleggings bestuur. Ek beskou hierdie nuusbrieff as 'n "moet lees" vir enige persoon wat in beleggings en finansiële markte belangstel.

Jaarlikse Brief aan Berkshire Hathaway aandeelhouers:

Die totale brief is 24 bladsye lank. In hierdie opsomming poog ek om van die beginsels uit te lig wat op beleggers en besluitnemers van toepassing is en dan van hierdie opmerkings deur te trek na die ervaring in Suid - Afrika. In hierdie opsomming gaan ek slegs fokus op die volgende punte:

1. Prestasie as maatstaf vir 'n fondsbestuurder.
2. Onsekerheid, kapitaal investering en uitbreiding.
3. Tydsberekening wanneer dit kom by beleggings.

1. Prestasie as maatstaf vir 'n fondsbestuurder

Over the last 48 years, Berkshire's book value has grown from \$19 to \$114,214, a rate of 19.7% compounded annually.

For the ninth time in 48 years, Berkshire's percentage increase in book value was less than the S&P's percentage gain (a calculation that includes dividends as well as price appreciation). In eight of those nine years, it should be noted, the S&P had a gain of 15% or more. We do better when the wind is in our face.

To date, we've never had a five-year period of underperformance, having managed 43 times to surpass the S&P over such a stretch. (The record is on page 103.) But the S&P has now had gains in each of the last four years, outpacing us over that period. If the market continues to advance in 2013, our streak of five-year wins will end.

If we fail, however, our management will bring no value to our investors, who themselves can earn S&P returns by buying a low-cost index fund.

Our relative performance, however, is almost certain to be better when the market is down or flat. In years when the market is particularly strong, expect us to fall short.

Wat uitstaan in hierdie kommentaar oor prestasie, is hoe goed Berkshire Hathaway werklik oor die langtermyn (48 jaar) gedoen het, maar ook dat Berkshire Hathaway die afgelope 4 jaar swakker as die mark gevaar het. Hier is twee punte waarop beleggers moet let:

- a. As Warren Buffett 4 jaar gelede begin het, gemeet aan die afgelope 4 jaar se prestasie, sou ons hom as 'n swak portefeulje bestuurder gesien het. Die vertrekpunt is dat korttermyn prestasie (periodes korter as 5 of 10 jaar) geensins 'n aanduiding van die kwaliteit van die beleggingsbestuurder is nie.*
- b. Indien jy nie glo dat jou fonds of fondsbestuurder beter as die indeks gaan presteer nie, koop dan eerder 'n lae koste indeksfonds. In Suid- Afrika is daar sulke lae koste indeksfondse beskikbaar wat die JSE indekse volg.*

2. Onsekerheid, kapitaal investering en uitbreiding

There was a lot of hand-wringing last year among CEOs who cried “uncertainty” when faced with capital-allocation decisions (despite many of their businesses having enjoyed record levels of both earnings and cash). At Berkshire, we didn’t share their fears, instead spending a record \$9.8 billion on plant and equipment in 2012, about 88% of it in the United States. That’s 19% more than we spent in 2011, our previous high. Charlie and I love investing large sums in worthwhile projects, whatever the pundits are saying. We instead heed the words from Gary Allan’s new country song, “Every Storm Runs Out of Rain.”

We will keep our foot to the floor and will almost certainly set still another record for capital expenditures in 2013. Opportunities abound in America.

A thought for my fellow CEOs: Of course, the immediate future is uncertain; America has faced the unknown since 1776. It’s just that sometimes people focus on the myriad of uncertainties that always exist while at other times they ignore them (usually because the recent past has been uneventful).

In Suid-Afrika is die situasie dat menige Suid-Afrikaanse maatskappye met hope kontant sit en baie huiwerig is om hierdie kapitaal aan te wend. Buffett meen dat daar altyd onsekerheid gaan wees en dat onsekerheid nie genoeg rede is om nie in produksie infrastruktuur te belê nie.

Hy sluit hierdie gesprek af met die volgende kommentaar: “If you are a CEO who has some large, profitable project you are shelving because of short-term worries, call Berkshire. Let us unburden you.”

3. Tydsberekening wanneer dit kom by beleggings

American business will do fine over time. And stocks will do well just as certainly, since their fate is tied to business performance. Periodic setbacks will occur, yes, but investors and managers are in a game that is heavily stacked in their favor. (The Dow Jones Industrials advanced from 66 to 11,497 in the 20th Century, a staggering 17.32% p.a. increase that materialized despite four costly wars, a Great Depression and many recessions. And don’t forget that shareholders received substantial dividends throughout the century as well.)

Since the basic game is so favorable, Charlie and I believe it’s a terrible mistake to try to dance in and out of it based upon the turn of tarot cards, the predictions of “experts,” or the ebb and flow of business activity. The risks of being out of the game are huge compared to the risks of being in it.

Die JSE algehele indeks het oor die afgelope 113 jaar (sedert 1900) ’n gemiddelde opbrengs van 12.5% per jaar gelewer – na inflasie was die groei oor hierdie periode 7.3% terwyl die ooreenstemmende opbrengs op die geldmark net meer as 1% was. (Credit Suisse Global Investment Returns Yearbook 2013) Net soos met Amerika, het ons beduidende terugslae in hierdie 113 jaar beleef, maar tog het kwaliteit maatskappye steeds presteer en waarde vir beleggers toegevoeg.

As mens na die Suid-Afrikaanse ervaring kyk en Aandele en Kontant met Inflasie vergelyk:

- a. Indien ’n belegger R1 in aandele en kontant in 1900 belê het, om met die gemiddelde inflasiekoers oor hierdie periode tred te hou, moes die belegging gegroei het na R400. Kontant sou oor hierdie periode gegroei het na sowat R1,200 (sluit nie enige belasting of enige kostes in nie) terwyl ’n belegging in die aandele-indeks gegroei het tot meer as R500,000. Dit is hierdie “game stacked in your favour” waarvan Buffett praat en hy bevraagteken die wysheid om te probeer raai waarheen markte op pad is.*

b. *Net so, gegewe die syfers hierbo, meen hy die risiko is groter om uit die mark te wees as die risiko om in die mark te wees – die Suid-Afrikaanse ervaring van R500,000 (aandele- indeks) in vergelyking met die R1,200 (rente opbrengs) ondersteun die argument.*

Die volledige dokument is beskikbaar op die Berkshire Hathaway webbladsy onder die skakel *Warren Buffett's letter to Shareholders* vir die 2012 brief: (www.berkshirehathaway.com/letters/2012ltr.pdf)

Ons beplan om later in Maart 'n persoonlike finansies advies-insetsel by kykNET se Dagbreek program in te sluit. Weereens, indien daar onderwerpe is wat ons moet bespreek, stuur gerus 'n e-pos?

Die Dagbreek TV program op kykNET word weksoggende vanaf 05h30 tot 07h30 uitgesaai. Sluit gerus elke Maandag - en Donderdagoggend van 06h35 tot 06h45 by ons aan, dan gesels ek oor ekonomiese en finansiële sake en die moontlike implikasies daarvan op markte en beleggingsbesluite.

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

**Volg ons op
TWITTER**



**Volg ons op twitter @sakegesprek vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus**

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.